

HOOFSTUK IV

Enkele grondstellinge oor die skool in sy ~~verhouding~~ ssaamewerking met die menslike samelewing.

1. Inleiding.

In aansluiting by die vorige hoofstuk wys ons vervolgens daarop dat veral die huisgesin, die kerk en die staat 'n bydrae lewer tot die opvoedingsproses — hulle besit wel elk een 'n pedagogiese aspek volgens hulle aard en wese, terwyl die skool spesifiek deur die opvoedkundige lewensterrein d.i. onderwys en opvoeding gekwalifiseer word.

Om te wys hoe belangrik die gesinsopvoeding is, aangevul en afgerond deur die skoolonderwys en -opvoeding in ver- vlegting met die kerk en staat e.a. samelewingsvorme, haal ons aan wat Waterink in hierdie verband sê: „Wanneer wij niet verstaan, dat het gezin de plaats is waar de opvoeder zijn taak heeft te verrichten, dat het gezin allereerst de roeping heeft op te voeden naar de eis Gods voor het leven van staat en maatschappij en kerk, dan zal op den duur al ons praten over opvoeden niets helpen en dan zal het einde zijn, dat de maatschappij te gronde gaat. Geen paedagoog, al is hij nog zo uitstekend geïnformeerd omtrent de opvat- tingen van zijn tijdgenoten, kan ook maar een fractie be- tekenen van datgene wat het gezonde gezin betekent voor de samenleving" 1).

Dit beteken dus dat die onderwyser in sy opleidings- kursus onder andere ook onderlê moet wees in die Opvoed- kundige Sosiologie. In feite kom dit neer op die volgende:

1) Waterink, J.: Theorie der Opvoeding, p. 99.

2. Die struktuuranalise van die skool as samelewingsvorm:

In hierdie hoofstuk val die klem dus op die skool in sy wisselwerking met die samelewingstotaliteit. Die skool moet rekening hou met die prosesse van sosiale verandering in die menslike samelewing.

Die samelewing het in die verlede reeds geweldig verander en verander nog steeds. Gevolglik stel dit nuwe eise aan veral die skool, omdat lg. die nuwe kennis, vaardighede en kundighede by die wordende persoonlikheid van die kind moet inskerp en vaslê.

Op hierdie wyse moet die skool volgens sy aard, wese en bestemming sy taak en roeping aanvullend en afrondend by die gesinsopvoeding verrig.

Dit moet voortdurend in gedagte gehou word dat daar 'n funksionele verband tussen die skool en die veranderende samelewing bestaan ten opsigte van die onderwys en opvoeding wat die skool aan die kind en die jeug gee. Kortom, die samelewingstotaliteit beïnvloed en stel eise aan die skool, terwyl ook die skoolwerkzaamhede die samelewing beïnvloed, vorm en in stand hou.

Al hierdie sake noem ons magte en kragte wat in die skool se onderwys en opvoeding gekoördineer en uitgevoer moet word ¹⁾.

Soos by die ander samelewingsvorme wil ons hier in besonderhede gaan omtrent die samehang van die onderskeie aspekte en die funksies in die strukturele orde van en die skool en die menslike samelewing.

Hiervolgens behandel ons by die enkele grondstellinge eerstens:

i. Die bestemming van die skool as samelewingsvorm.

1) Vgl. Aspinall: The Journal of Educational Sociology, Vol. 3, Sept., 1929 — June, 1930, p. 188.

Vgl. ook The Content of Education, p. 13-14.

By die laerskool praat ons nie van die bestemmingsfunksie nie, maar wel van die bestemming. Dit is 'n grondbeginsel wat ons stel uit die Opvoedkundige Sosiologie, omdat ons die skool beskou as 'n sekondêre samelewingsvorm. Om hierdie bewering te staaf haal ons Popma ¹⁾aan: „Bovendien zal blijken, dat de breedheid van het onderwijs op betere wijze gegarandeerd wordt, indien we in haar (skool) een secundair samenlevingsverband zien“.

Dit is egter nodig dat die lig skerper op die bestemming van die skool moet val. Popma en andere tipeer die bestemming van die skool as „oewerloos“ ²⁾.

Die oewerlose bestemming bestaan daarin dat in die laerskool algemene onderwys, d.w.s. volksonderwys en -opvoeding, gegee word as algemene basis vir 'n persoonlikheidsontwikkeling. Die laerskool bied enersyds gelyke kanse en geleenthede vir almal om hulle individualiteite tot ontwikkeling en vorming te bring, en andersyds kan geen onderwyser(es) op 'n gegewe oomblik in die laerskool met sekerheid bepaal wat dié of daardie individuele kind eendag gaan word nie, ons bedoel wat die spesifieke roeping of beroepsarbeid van die onderskeie leerlinge by volwassenheid sal wees.

ii. Die bestemming van die skool bepaal sy taak en roeping.

Die struktuurbeginsel van die skool omsluit die struktuurnorm, d.i. die onderwysende en opvoedingstaak ^{as} ~~en~~ roeping van die skool ³⁾.

Hierdie roeping is struktuurnorm vir die skool as sy

1) Popma in Philosophia Reformata, 3e Kwartaal, 1947, p. 130.

2) Popma: Philosophia Reformata, 2e Kwartaal, 1947, p. 93.
Vgl. Finney and Zeleny: An Introduction to Educational Sociology, p. 185.

3) Vgl. Coetzee in Koers in die Krisis, Deel 1, p. 324.

leidende funksie. Alle ouers se gemeenskaplike doelstelling in hierdie verband is gerig op die struktuurnorm van die skool vir die onderwys van hulle kinders.

Die hoogste roeping van die skool is om die nodige kennis, vaardighede en kundighede by die kind geleidelik in te skerp om sy bestemming te verwesenlik. Enersyds word getrag om die kind se oë te open en sy waardering te wek vir die skoonheidstruktuur van die geskapene. Andersyds moet die kind geleer word om geleidelik sy funksie na te kom as aksiesentrum wat 'n verantwoordelike bydrae moet lewer tot die vorming en instandhouding van die skoonheidstruktuur van die skepping volgens sy normbesef ¹⁾.

Hieruit lei ons twee grondstellinge af wat ons later in besonderhede behandel, nl. 'n interne en eksterne doelstelling van die onderwys. Die interne doelstelling het te make met die persoonlikheidsvorming en ontwikkeling deur middel van kennis, vaardighede en kundighede. Die eksterne doelstelling hang onafskeidelik hiermee saam, nl. die geleidelike diensbaarmaking van die kind en sy gesonde aansluiting by die menslike samelewing. Hierdie proses begin reeds in die skoolklaskamer by die groep leerlinge in die laerskool.

Van der Walt gee 'n nadere omskrywing hiervan as hy die volgende stel: „...Die kind word doelbewus geplaas in 'n geselekteerde, gesuiwerde, gesistematiseerde en perspektiefverruimde lewensmilieu, wat die ontwikkelingsgang van die kind in 'n bepaalde rigting stuur. Die middele wat hiervoor gebruik word, noem ons die leergange of die skoolkurrikula. Die leergange bestaan uit egte, daadwerklike lewe van die mens se lewensmilieu ofskoon in 'n gesuiwerde, gesistematiseerde vorm en nie kunsmatige produkte of skeppinge van die

1) Vgl.: Popma: Philosophia Reformata, 3e Kwartaal, 1947, Artikel 6;

Van der Walt: Ongepubliseerde Proefskrif, p. 183.

vrugbare mensebrein nie" 1).

Hiermee is die wedersydse wisselwerking en die funksionele verband tussen die skool en die samelewingstotaliteit — die kind, die samelewing en die kultuur as 'n onverbreeklike drie-eenheid — aangetoon.

iii. Die funderingsfunksie van die skool:

Die funderingsfunksie van die skool hang onverbreeklik saam met die bestemming van die skool.

Hierdie funksie is te vinde in die historiese aspek van die samelewing. Die skool het gegroei uit die geskiedenis van die menslike samelewing as die vrug van die kultuurontwikkeling, veral tydens die Industriële Rewolusie in Engeland met die uitvinding van die stoommasjien.

As sosiale verandering was die Industriële Rewolusie 'n groot oorgang in die menslike samelewing. Die trek na die stede het begin; vaders en moeders vind 'n beter heenkome in die fabriekstede; kinderarbeid word geëksploiteer; die groei van die kapitalisme en die opkoms van die groot onderneming met uitgebreide koloniale afsetgebied word ver-wesenlik.

Op grond van hierdie industrialiseringsproses was ouers aan die een kant nie langer in staat om die nuutgevonde kennis en vaardighede aan hulle kinders oor te dra nie, en aan die anderkant het die tyd daarvoor ontbreek.

Christenmense met 'n verantwoordelike roepingsbesef en bewustheid ten opsigte van die onderwys van hulle kinders het oorgegaan tot die stigting van die moderne skool vir die intellektuele opvoeding ²⁾ van hulle kinders.

iv. Die onverbreeklike samehang tussen die bestemming en die funderingsfunksie van die skool:

1) Van der Walt: Ongepubliseerde Proefskrif, p. 184.

2) Van Dijk: Mens en Medemens, p. 92.

Die kwalifiserende funksie van die skool is die leidende funksie, wat ten nouste saamhang met die stigtingsaktiwiteit van die skool. Die ontstaansgeskiedenis van die skool versterk die doelstelling van die intellektuele opvoeding.

Die ouers het afstand gedoen van daardie deel van hulle gesag aan die skool wat te make het met die intellektuele opvoeding van hulle kinders.

Die verband tussen die opvoedingsdoel en die funderingsfunksie van die skool lê opgesluit in die bestemming van die skool. 'n Bepaalde lewens- en wêreldbeskouing lê ten grondslag van die opvoedingsbeskouing wat tot openbaring kom in 'n bepaalde onderwysstelsel.

In hierdie lig is dit nodig om 'n verdere analise van die skool as samelewingsvorm te maak.

Aangesien dit moeilik is om die opvoedingswerkzaamheid van die skool in sy wisselwerking met die sosiokulturele werklikheid in die onderskeie samehangende aspekte te sien, doen ons dit na aanleiding van die volgende grondstellinge: Die kind- en mensbeskouing van die Onderwys, die opvoedingsdoel, die inhoud van die leerstof, die metode en tug, die administrasie en organisasie. In hierdie uiteensetting is die dinamiese strukturele orde van die skool as samelewingsvorm vanselfsprekend ingesluit.

v. Die kind- en mensbeskouing van die onderwys:

a) Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing:

Kortliks stel ons die volgende uitgangspunt van die Calvinisme, wat ons deurgaans aanvaar en handhaaf:

1. Alles wat was, is en sal wees, is uit, deur en tot God, onderworpe aan Sy absolute soewereiniteit wat geld vir die hele Skepping.

2. Die onfeilbare gesag van Gods Woord word aanvaar vir alles, die radikale Sondeval van die mens, die Soenoffer van

Jesus Christus en Sy genadegawes, die verskeidenheid in die eenheid en die eenheid in die verskeidenheid, wat Hy na Sy wil goed geskape het en volgens aard onderwerp het aan Sy wette en ordinansies. Gods gesag vereis eerbied en menslike gehoorsaamheid daarvoor en daaraan.

3. Die roeping van die mens is gebaseer op die mensbeskouing volgens die Heilige Skrif: die mens is aksiesentrum en kroon van die Skepping. Volgens sy oorsprong, aard en wese is hy 'n religieuse wese. Die mens het 'n individuele en sosiale roeping, d.w.s. die normwetmatigheid is sy onderskeie roepinge in alle samelewingsvorme wat neweskikkend en gekoördineerd langs mekaar staan in 'n organiese eenheid. Die beginsel van soewereiniteit in eie kring, d.i. die mag, gesag en reg in samelewingsvorme geld hier hoewel hulle in wisselwerking en vervlegting met mekaar staan. Die mens het 'n verantwoordelike en verantwoordbare taak en roeping teenoor God in alles wat hy dink, doen en sê.

b) Die Calvinistiese basis van die opvoedingsbeskouing:

Deurdat die skool aanvaar word as 'n sekondêre samelewingsvorm moet die skool hom besin op sy taak en roeping. Dienaangaande handhaaf ons die organiese opvatting, d.i. dat die kind 'n individu en tegelykertyd ook 'n sosiale wese is. Om die taak van die skool in die lig van die vorige te besien, moet die aard van die onderwys in die skool bepaal word. Saam met Popma ¹⁾ aanvaar ons dat die skool sy roeping die beste kan vervul deur sy onderwys as analitiese en estetiese interpretasie van die geskapene te beskou. Die kind word gelei tot skoolmondigheid deur sy persoonlikheidsvorming en -ontwikkeling, d.i. sy persoonsroeping. Op hierdie wyse word die diepere begrip van die opvoeding in al sy lewens-

1) Vgl. Popma: Philosophia Reformata, 3de Kwartaal, p. 130.

uitinge by die kind geaktiveer. Dit gaan dus om die voorbereiding en toebereiding van die kind as individuele en sosiale wese om sy taak in die geskiedenis tot die eer van God te vervul. Professor Coetzee skrywe in hierdie verband: „'n mens van God wat volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus volgens die Bron vir die opvoeding" ¹⁾.

vi. Die Opvoedingsdoel:

Die opvoedingsdoelstelling lê binne die bestemming van die skool opgesluit. Hierdie doelstelling kan beswaarlik beter gestel word as wat Waterink dit doen, nl. „als de vorming van de mens tot zelfstandige, God naar zijn Woord dienende persoonlijkheid, geschikt en bereid al de gaven, die hij van God ontving, te besteden tot Gods eer en tot heil van het scheepsel, in alle levensverbanden, waarin God hem plaatst" ²⁾.

Om hierdie doelstelling te kan bereik het die skool sy eie ruimte nodig.

Binne hierdie ruimte moet die skool sy roeping in wisselwerking en vervlegting met die sosiokulturele werklikheid nalkom. Die skoolruimte is in letterlike sin gedistansieer van die lewe op 'n bepaalde afgebakende grondgebied waarop die skoolgebou, sy konstellasië van geboue en sportterreine te vinde is. Die skoolruimte is nodig sodat die skool binne sy eie grense tot sy volle reg kan uitgroei.

Daar is 'n groot verskeidenheid van skole. Die skool is 'n konstante samelewingsvorm wat funksioneer as juniorskole, laerskole, ook genoem primêre skole, hoërskole of middelbare skole, ambagskole, landbouskole, handelskole ens.

Sulke vorme soos winterskole, hoedeskole, modeskole ens. dui op wat genoem word die plastisiteit van die skool. Hierdie skooltipes word gestig om in 'n gemeenskaplike doelstelling van 'n groep se bepaalde behoeftes te voorsien. Die

1) Coetzee, J.C.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 99.

2) Waterink: Theorie der Opvoeding, p. 114.

skooltipes verdwyn nadat in hierdie behoeftes voorsien is. Hulle is nie konstante samelewingsvorme nie, hoewel hulle noodsaaklik is omdat hulle kennis van 'n sekere soort bybring wat die vaardighede, kundighede en tussenmenslike verhoudinge en gedragswyse beïnvloed en vorm.

Saamgevat kan gesê word dat die sisteem van kennis omtrent die skoonheid van die geskapene waarvoor die kind se oë oopgemaak moet word, in sosiologiese sin die resultaat is van sowel die analitiese as die estetiese interpretasie daarvan.

Binne die raamwerk van die vorige algemene doelstelling van die opvoeding vind ons besondere doelstellinge vir die bepaalde skoolvakke. Hierdie vakke ontwikkel die ken-, gevoels- en strewingslewe, die verstandelike, kulturele, wils-, die redelike en karaktervorming, die gevoels- en estetiese, die sosiale, die rasionele, die liggaamlike en die godsdienstige opvoeding van die kind en die groep.

vii. Die inhoud van die leerstof:

As uitgangspunt haal ons uit Moore en Cole: „The materials of the curriculum may be said to be selected and idealized. As they are assimilated they become again a part of human culture — broadened and intensified in the life of each member of society because of his own efforts under the leadership and guidance of teachers. So it is with skills, knowledge, attitudes and interests...the selected portions of human culture, flowing through the life of the school, are perpetuated and enhanced in the life and labour of the pupils...under best practices, the contents of the curriculum are selected and organized in the light of social experience" ¹⁾.

1) Moore en Cole: Sociology in Educational Practice, pp. 330-331.

Hieruit lei ons af dat die lewensmilieu wat die ontwikkelingsgang van die kind in 'n bepaalde rigting stuur en die leergange wat in gesuiwerde vorm aangebied word, van verskillende soort en aard moet wees.

Dit word in klaskamers met groepe leerlinge onderneem om hulle oë individueel en gesamentlik vir die skoonheid van die geskapene te open en dit te leer, sodat elkeen sy plek, taak en roeping in die geskiedenis waarvoor hy toeberei word kan inneem.

Enkele grondstellinge waarop ons die aandag wil vestig is die volgende:

a. Die leerstofinhoud moet in ooreenstemming wees met die groei- en ontwikkelings stadium van die kind in die verskillende standerds. Die leerstof is religieus en sekulêr van aard, d.i. dit gaan oor die Skriftuur en natuur in ooreenstemming met die analitiese en estetiese interpretasie daarvan.

Alleen as die leerstof op hierdie wyse besien en behandel word, bied die onderwys hulp en steun aan en kulmineer dit uiteindelik in die geloofsinterpretasie van die kerk. Hiervolgens is ook hierdie skoolonderwys as deel van die opvoeding 'n heenwys en heenlei na Bo.

Met hierdie keuse van die leerstof gaan gepaard sekere eise wat ons kriteriums noem vir die samestelling van die leergange: die historiese, die psigologiese, die logiese, die sosiologiese, ekonomiese kriteriums en die beginsel van korrelasie.

Met die historiese maatstaf word die geskiedenis geraadpleeg by die leerstofkeuse. Volgens ons opvatting geld die histories-Christelike tradisie wat beslissend is by die keuse van die leerstof, omdat hierby ingesluit word die goeie van die verlede as die behoudende mag, gekoppel aan die hede om 'n moontlike rigtingwyser te wees vir die toekoms, veral in 'n tydperk van geweldige opbloeie as gevolg van sosiale veran-

dering en kultuurontwikkeling.

Die psigologiese eis staan in verband met die bybring en opdoen van kennis, vaardighede en kundighede by die groei en ontwikkeling van van mekaar verskillende kinders ten opsigte van hulle aanleg en talente.

Vervolgens eis die logiese maatstaf dat die leerstof wetenskaplik gerangskik word in leerstofvakke. Die „wetenskaplikheid“ hou verband met die samestelling van die leerstof tot 'n ordelike sisteem omdat God 'n God van orde is. Hy eis orde en gang in die lewe en kennis en arbeid van die mens.

Hierdie orde is ook die sosiologiese eis by die leerstofkeuse. In die samelewingsorde leef mense met mekaar saam in groepe soos huwelike, huisgesinne, kerke, state ens. afgesien van tyd en plek. Hierby is die skool ingesluit. Opvoedkundig-sosiologies staan die skool in die sentrum en in wederzijdse wisselwerking met die samelewingstotaliteit.

So gesien is dit 'n funksionele verhouding, sodat die probleme van die samelewing ook die probleme van die skool, d.i. van die onderwys en opvoeding is.

Die wese hiervan word duidelik met 'n volgende aanhaling: „The curriculum is an instrument devised for a purpose. The purposes of a society determine the purpose of the schools; the purpose of the schools decides the content of education... the content of education depends on the content of education as a whole“ 1).

In hierdie aanhaling het ons o.a. te make met „the content of education as a whole“, wat Mannheim noem „education in the social order.“ Hierdie sosiale orde is 'n nuwe sosiale orde waarvoor 'n plek in die skoolonderwys en opvoeding ingeruim moet word met die oog op die ekonomiese, tegniese, natuurwetenskaplike en industriële ontwikkelingsrigting van die menslike

1) The Content of Education, p. 18.

samelewing in die sekulêre onderwys.

Banning ¹⁾ noem in sy boek hierdie ontwikkelingsrigting die „magte“ wat op positiewe en negatiewe wyse inwerk op die mens en die samelewing in die uitvoering van hulle kulturele lewensfunksies. Vir die moderne Opvoedkundige Sosiologie is dit uiters belangrik.

Dit lei ons tot die volgende eis by die leerstofkeuse nl. die ekonomies-tegnies-wetenskaplik-industriële eis.

In terme van hierdie eis by die leerstofkeuse hang dit saam met die woorde „not until the aims of society have been consciously determined can the purpose of education be clearly stated“ ²⁾.

Hieruit vloei voort dat die siening van die wedersydse beïnvloeding en wisselwerking tussen die samelewing en die skool 'n vernuwing moet ondergaan. Maar dan in die lig van die volgende aanhaling: „The present ferment in the educational sphere (is) part of the ferment in the realm of social values...“ ³⁾ en voorts „whether we will it or no, the educational system of necessity also conditions the development of society“ ⁴⁾.

Enkele grondstellinge hieruit is die volgende: Die sosiale waardes is 'n normatiewe orde wat sy stempel op die sosiokulturele werklikheid afdruk. Maar ook die omgekeerde is waar, nl. dat die feitlike orde sy stempel afdruk op die normatiewe orde. Hiervolgens moet voortdurend deur die samestellers van 'n leergang by die keuse van die sekulêre leerstof die volgende in gedagte gehou word: die moderne kultuurontwikkeling wat ekonomiese, tegniese, wetenskaplike en industriële eise aan die samelewing stel, berus op abstrakte sowel

1) Banning, W.: Machten en Mensen, 1959.

2) The Content of Education, p. 13.

3) The Content of Education, p. 13.

4) Dent: A new order in English Education, p. 7.

as konkrete kultuur. Die skoolonderwys mag hom dus nie slegs beperk tot die materiële en die toegepaste kultuur nie. In die laer standerds van die laerskool word grotendeels die materiële en toegepaste kultuur in die leergange opgeneem. Vanaf st. twee, drie word die abstrakte kultuur as die hoëre kultuur by die kinders geleidelik ingeskerp. Hierdie sake is 'n mag wat die wordende persoonsroeping van die kind en die groep in die skoolklaskamer beïnvloed, ontwikkel en vorm. Die resultaat hiervan is die tussenmenslike verhoudinge en gedragswyse — die reaksie van en individu en groep wat tot openbaring kom in min of meer enersse patrone van gedragswyse. Ook hier bly die reaksiewyse die gedurige afstempeling van die hoof en hart op die hand van die wordende persoonsroeping van en kind en groep. D.w.s. die persoonsroeping in hierdie verband is die geleidelike inskerping van die verantwoordelikeheids- en normbesef waardeur en kind en groep se lewe voortdurend gelei en gerig word, d.m.v. onder andere die ekonomies-tegnies-wetenskaplik-industriële eise van die moderne samelewing, soos vervat in die leergang van b.v. Aardrykskunde, Natuurkennis, ens. wat ook in die leergang van Sosiale Studies te vinde is. By die Sosiale Studies word die aard, wese en doelstelling van die afsonderlike tradisionele laerskoolvakke nie ontken nie. Dit verg egter 'n deeglike studie hiervan en van ander Sosiale wetenskappe by die opleiding van onderwysers.

Samevattend wil ons in breë trekke die doelstellinge vir „doelmatige laerskoolleergange” ¹⁾ as volg stel:

a. „Dit moet die kinders leer om in 'n samelewing met mekaar te verkeer en deel te hê aan 'n gemeenskaplike kern van tradisie en waardes om uit te put... Van besondere belang in hierdie verband, is volksgebruike, volksgewoontes en

1) Vgl. Van der Walt: Ongepubliseerde Proefskrif, pp. 212-217.

volkstradisies wat voortvloei uit die ^{verworwe} kultuurpatrone van byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse volksgemeenskap. Die konstante samelewingsvorme se bestaan en voortbestaan is afhanklik van die individuele ontwikkeling en vorming ^{van die kind en mens} in en deur hierdie groepe.

"Van besondere belang hier is die grondstelling, die wisselwerking tussen die skool en die samelewingstotaliteit in die moderne tyd en enkele grondvrae i.v.m. die feit dat al meer gesinsfunksies op die skool afgestoot word.

"Die implikasie hiervan is dat die „onderwyser die kind as individuele en sosiale wese doelbewus beïnvloed deur middel van die leerstof omtrent sy bindinge van bloed, liefde, geloof, godsdiens, taal, tradisies, ideale, primêre deugdens. aan sy groepe, volk en staat om sy verhoudinge, gedragswyses, en gesindhede te vorm vir 'n uiteindelijke persoonsroeping.

b. „Dit moet die kinders leer om die vaardighede en kundighede van die ekonomiese lewe van die samelewing voort te sit. Hierdie funksie van die gesin is en word deur sosiale verandering van 'n selfonderhoudende en selfvoorsienende verander tot al meer 'n verbruikersfunksie."

By hierdie veranderende ekonomiese funksie is die rol wat die tegniek en wetenskap by die industriële en ekonomiese lewe speel, vandag van die uiterste belang.

Die inskerping van hierdie as't ware ⁿnuwe sosiale orde verg veel van die skool en sy leergange.

c. „Dit moet die kinders help om hulle voor te berei vir die lewe met 'n eie beskouing en 'n gesonde kritiese oordeel en, indien nodig, verandering aan te bring in die bestaande sosiale orde waarin hulle leef.

"Die toebereiding van die wordende persoonsroeping van die kind vereis vandag van elkeen en almal dat alles wat jou hand vind om te doen, dit gedoen moet word met alle mag,

uit eie oortuiging en met insig.

d. „Dit moet selekteer en voorberei vir bepaalde, relatiewe verantwoordelikheid. Die moderne skool doen dit ten aansien van die kind as „geheel" vir sommige verantwoordelikhede en nie vir almal nie."

Die selektiewe proses is 'n noodsaaklike deel van die skool se funksie, al is dit ook bysaak.

e. Deur die sosiale instelling van die skool met die klas-kamertegnieke word die kinders geleer om saam te leef en te werk. Dit hang ook saam met die feit dat kinders geleer word om hulle in gehoorsaamheid te onderwerp aan die sosiale outoriteit, deur die nakom van groepsopdragte en gehoorsaamheid aan wette en reëls van die skool, soos hulle later ook as volwassenes in die samelewing hulle aan so'n outoriteit moet onderwerp. Die onderwysers en grootmense van die samelewing maak en handhaaf hierdie wette. Die gehoorsaamheid hieraan is nie slegs na die goeie voorbeeld van én die onderwysers én die volwassenes van die samelewing nie, maar hierdie wette, reëls en norme is van God gegewe wette en norme wat waar gemaak en gehandhaaf moet word in die lewe van almal.

f. 'n Verdere doel van die doelmatige skoolleergang is „om persoonlike waardes aan te moedig: d.i. moreel, esteties en religieus."

viii. Metode en tug:

Ek wil kortliks op enkele grondstellinge van die onderwysmetode en -tug wys. In die algemeen verstaan ons onder 'n onderwysmetode daardie weg wat gevolg moet word om ons koers in die opvoeding te bepaal, om iets opvoedkundigs of 'n doelstelling in hierdie verband te bereik.

Aan die besondere metodes soos dit in die metodiek van die onderwys ontwikkel het, skenk ons nie aandag nie, maar

wel aan enkele grondstellinge in opvoedkundig-sosiologiese betekenis.

a. Daar is finaal gebreek met die ou opvatting van kompartementele onderwys ¹⁾.

b. Die onderwysmetodes is vandag aanvullend by mekaar in die funksionele verhouding tussen die skool en die samelewing.

c. Die volgende beginsels in die opvoedingsproses verdien 'n nadere omskrywing:

i. Die opvoedingsdoel bepaal die opvoedingsmetode na alle kante toe, d.w.s. daar word van soveel moontlik metodes gebruik gemaak om so 'n opvoedingsdoel te bereik.

ii. Die leerstofeenheid in die verskillende skoolvakke word gesien as 'n organiese geheel, in ooreenstemming met ons opvatting van die wese van alle onderwys. Dit gee sin, betekenis en rigting aan die opvoedingsproses.

iii. Gesonde opvoedingsmetodes hou rekening met die kind as geheel as aksiesentrum wat kulturele lewensfunksies in al die aspekte van die strukturele orde van die samelewing te vervul het. Elke kind verskil van 'n ander na siel en liggaam, na hart, gewete, verstand, wil, deur afkoms, geestes aard, verstandsvermoë, aanleg, neigings ens. as gevolg van sy besondere agtergrond, huislike milieu en groei- en ontwikkelingstadiums wat hy deurmaak by die integrasie van sy wordende persoonsroeping in die samelewing.

Ons onderskei kortliks die volgende hoofmetodes van onderwys: analise en sintese, maar beide vul mekaar aan; verder ook induksie en deduksie wat mekaar aanvul.

By albei metodes gaan dit om die inskerping en ontwikkeling van vaardighede en kundighede d.m.v. kennis wat in die leerstof aangebied word. Enkele grondstellinge en

1) Vgl. Mannheim: Diagnosis of our Time, Hoofstuk iv, p. 54.

hieromheen grondvrae wat ter sprake kom, is die persoonlike verhouding tussen onderwyser en opvoedeling, persoonlike aanskouing, die vraag- en antwoordmetode om die resultaat te kontroleer, vertelling en selfuitvinding of selfontdekking. Verder lei die konkrete geleidelik na die abstrakte kennis. Toepassing van die leerstof kan lei tot die abstrakte beginsels. Die selfaktiwiteitsdrang word toegepas by elke les om die leerstof vas te lê en te herhaal om eindelik gereproduceer te kan word vir toetsing.

Hierdie beginsels moet tot uiting kom in ons beskouing oor die aard van die onderwys. Kortom, die kind se persoonsroeping word geaktiveer ooreenkomstig die onverbreeklike drie-eenheid tussen mens, samelewing en kultuur.

Tugmetode:

Onverbreeklik verbind met die onderwysmetode is die tugmetode. Waterink skrywe: „Zodra de opvoeding richting geeft, is er in de opvoeding het element van de tucht" ¹⁾.

Verskeie grondstellinge vloei voort uit hierdie aanhaling. Die onderwyser beskik oor die outoriteit om orde en dissipline in sy klaskamer te vestig. Sy roepingsbewustheid dwing die gehoorsaamheid, belangstelling en selfwerkzaamheid van die leerlinge in die onderwyser-kindverhouding af. Tug is die voorwaarde vir orde en vir die redelike en godsdienstige ontwikkeling van die kind. Selftug of selfdissipline is die ideaal waartoe die onderwyser die kind wil lei in die realisering van sy toekomstige persoonsroeping: die kind word in die skoolorde en skooltug geleer en gelei tot selftug.

Liggaamlike straf by die tugmetode is eintlik negatief maar dikwels noodsaaklik wanneer voorsê, verbied en herhaaldelike bedreiginge nie help nie. Dit gaan in die eerste plek om selftug by die verantwoordelikeids- en normbesef van die wordende persoonsroeping deur die tugmetode in te skerp.

1) Waterink: Theorie der Opvoeding, p. 73.

d. Onderwys en opvoeding is die middel om die sosiale lewe te beïnvloed, te verbeter en boweal om die sosiale lewe te her-
vorm.

ix. Enkele grondstellinge i.v.m. die organisasie en administrasie van die skoolonderwys en opvoeding:

In aansluiting by die vorige en wel by die verskynsel dat die skool spesifiek deur die opvoedkundige lewensterrein gekwalifiseer word, wys o.a. professor du Preez op die volgende: „Die Sosiologie sal aan die onderwyser 'n insig moet verskaf in die skool as een van die lewensverbande, met sy eie herkoms en stempel, met sy eie aard en karakter, met sy eie doel en bestemming, met sy eie lewensruimte en lewensvatbaarheid, met sy eie sfeer van gesag en vryheid, met sy eie onderwys- en opvoedingstaak wat hy op sy geheel eie wyse uitvoer" ¹⁾.

Die aangehaalde woorde bevat sekere opvoedkundig-sosiologiese grondstellinge oor die skool se administrasie en organisasie.

Op die opvoedkundige lewensterrein het ons spesifiek die huisgesin, kerk en staat behandel wat neweskikkend en gekoördineerd langs mekaar staan. Geeneen van die genoemde drie samelewingsvorme word in die raam van die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid deur die bestemming van die skool gekwalifiseer nie. Die vraag in hierdie verband is die verhouding tussen die skool en die sosiale orde om die kind doelmatig voor en toe te berei vir 'n eie plek in die geskiedenis. Elkeen van die samelewingsvorme lewer op sy eie wyse volgens sy aard en wese 'n bydrae tot die wordende persoonsroeping van die kind. Dit is egter spesifiek die skool wat die taak en roeping het om daardie afrondende werksaamheid van die gesinsopvoeding by die sosiale orde te integreer.

Van veral die Amerikaanse stelsel van administrasie en organisasie van die onderwys en opvoeding kan ons in Suid-Afrika

1) Du Preez in Onderwysblad, 1 Junie 1954, p. 111.

inderdaad veel leer. Orals in bv. Amerika word groepsaktiwiteite beklemtoon en toegepas.

Op die besondere verhouding tussen groepe en die onderlinge wisselwerking en vervlegting tussen die onderskeie samelewingsvorme is reeds tevore gewys.

Die voorgaande bring 'n baie belangrike grondvraag na vore.

Kortliks wil ek wys op belangrike grondstellinge wat voortvloei uit die kwessie van vryetydsbesteding.

Ons behandel hierdie vraagstuk t.o.v. (a) die algemeen populêre opvatting van vrye tyd of vryetydsbesteding, en (b) 'n prinsipiële beskouing volgens 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing. In hierdie verband beperk ons ons tot die huisgesin in die eerste plek en in die tweede plek tot die algemene opvatting van die vraagstuk.

(a) Die vader wat bedags moeg terugkeer huistoe, beskou sy huis, sy vrou en kinders as die intieme geborgenheidsfeer waarin daar liefde en warmte heers. Van Dijk ¹⁾ noem hierdie verskynsel in die huisgesin die vlugheuwel.

Die hedendaagse betekenis van hierdie begrip ^{vryetyd} is skeef en verdraaid. In die eerste plek word dit beskou as 'n metode om die blanko wat oorgebly het van die beroepsarbeid (noodsaaklike werk) van die lewe op te vul. Die doel van die oorgrote meerderheid mense is om hierdie tyd te bestee met die aandag op die verbruik van tyd i.p.v. ontspanning te vind vir 'n afgematte verstand en liggaam om dit weer te verfris. Die hoofsaak is hier egter die onderleggende faktor van rekreasie en waar dit geïgnoreer word, is dit bepaald 'n gevaarlike gewoonte. Dit, aan die een kant, is die verkeerde opvatting van vryetydsbesteding. Aan die anderkant word 'n valse waarde geheg aan arbeid in ons hedendaagse toestande. Arbeid het tot 'n baie groot mate opgehou om 'n absorberende middel te wees tot

1) Van Dijk, R.: Mens en Medemens, pp. 94, 95.

ekspresie en word gedoen om geld te bekom om die dinge te kan koop wat ons begeer. Tydens die ure van arbeid moet daar uitgehou en aangehou word net om die beloning daarna te ontvang. Met hierdie geld en nog ekstra in die oore kan iemand sy afleiding koop in 'n bioskoopvertoning, by 'n voetbalwedstryd, in 'n kroeg e.d.m. Kortom, 'n groot sisteem van plesier het gegroei vir die arbeider volgens sy inkomste - hy kan sy ledige ure vol koop.

Vryetydsbesteding kan óf konstruktief óf waardeloos wees. Die moderne neiging by industrië is om te voorsien in hierdie behoeftes, soos bv. deur buitemuurse afleiding afgesien van die binnemuurse. Verder het ook die rolprent se artistieke standarde verlaag: die strekking is opvoedkundig negatief - die aanvraag is groot, gevolglik is die toegangsgeld vermindert.

Nog 'n faktor wat van belang is, is die versnelde lewenspas, met gevolglik meer afgematheid en vrees - die mens is op soek na bestaansekerheid wat hy in homself wil vind. Die skok en vrees van oorloë, dreigende oorloë en senu-oorloë wat vandag soos 'n donker wolk oor die hele wêreld hang, bring onsekerheid, werkloosheid en 'n verslapping van die godsdienssin mee wat lei tot kerklos- en kerkloosheid: 'n gees van „laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons" het vaardig geword.

Sommige rolprente, opvoerings, dramas ens. laat die passiewe toeskouer so af en toe slegs 'n rilling kry. Die waardes is vals. Wanneer ons die erotiek en geweld daaruit neem, bly van hierdie soort afleiding feitlik niks oor nie.

Tot 'n sekere mate behoort vryetydsbesteding geleentheid te gee vir rus en passiewe vermaak. Vryetydsbesteding behoort te lei tot gebalanseerde persoonlikheidsontwikkeling. Omdat alle arbeid vandag hoog gespesialiseerd is, is die funksie van ontspanning baie groter en die behoefte om dit werklik te benut dus baie groter en belangriker as ooit tevore.

By die opvatting van vrye tyd val die klem meestal op die vryheid - terwyl vryheid tog geheel-en-al iets anders veronderstel.

Daar is 'n groot verskeidenheid van vryetydsbesteding vir seuns en dogters in die verskillende groei- en ontwikkelingsstadia: georganiseerde sportsoorte, verstandelike afleiding, literatuur, rolprente met 'n opvoedkundige strekking, die radio ens., waarin die romantiese op 'n gesonde wyse uitgebeeld word en vervleg^{is} met die avontuurlike.

Ten slotte moet gewaak word teen die oordrewe sportgees van ons tyd. Veelal gaan dit gepaard met afwykings van die normale, bv. drankmisbruik, dobbelary ens.

In 'n goed bestuurde huis word tyd beskikbaar gestel vir afleiding, bv. vir 'n partytjie. Die kinders het hierin 'n aktiewe aandeel, dit leer hulle skoonheidskultuur, dit help hulle tot die aanleer van sjarme, goeie maniere ens. Die samewerking van die ouers is hierin ook onmisbaar. Ook moet dit wat in die skool geleer word toegepas word in die huis. Die belangrikheid van die huisgesin moet steeds beklemtoon word: dit moet herskep word tot 'n gelukkige gemeenskap. Die gesinsbande moet in ere herstel word: dit is die fondament vir die gesonde aansluitingsproses van die kind en die groep by die samelewing.

(6) Prinsipiële beskouing oor vryetydsbesteding.

Uit die Heilige Skrif leer ons die vrye tyd ken as 'n noodsaaklike goed - die Skeppingsverhaal dui daarop. Ook die mens het tyd nodig om te rus, om asem te skep - ja ook die dier. Selfs die Joodse Feesdae getuig hiervan uit die Skrif.

Van die meeste betekenis is seker die instelling van die Heilige Sabbat. Ja, ook die pogings van die mens om die week te verleng kon nie aan die verwagtinge voldoen nie. Die motivering van die Sabbatsinstelling dui op 'n relativering en begrensing van die arbeid. Die mens mag nie slaaf van homself en sy arbeid wees nie. Hy moet die tyd vind om te rus, om tot

homself te kom en asem te skep.

Vrye tyd is dan in hierdie sin en betekenis die uitdruklike begrensing van die waarde van arbeid. Die mens het meer funksies om te vervul as slegs sy beroepsarbeid. M.a.w., die mens het 'n sosiale roeping en hy moet hierdie funksie tot ontwikkeling bring, daarom het hy reg op vrye tyd. Om bv. vader te wees, bring mee dat hy ook tyd moet vind om met sy gesinsgenote, sy vrou en kinders, te verkeer. Op hierdie wyse leer hy sy kinders ken en kan hy sy kinders lei in hulle persoonsroeping d.m.v. hulle opvoeding. Die vader is ook gemeentelid, die eggenoot vir sy vrou en burger van sy land, ens. M.a.w. die vrye tyd moet aan die mens genoeg tyd gee om mens te wees oor die hele breedte van sy menslike bestaan. Dit is die hele veld waarop God die mens geplaas het om te lewe volgens sy roeping. Ook in die vrye tyd kom die mens toe aan God.: „Of jy dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot die eer van die Here“. Die mens dra dus ook verantwoordelikheid in sy vrye tyd, d.w.s. hy moet sy werk kan loslaat en dit vir daardie oomblik vergeet. In dié sin en betekenis van die Bybelse aanhaling is die implikasie dat hy vreugde in sy arbeid en vrye tyd moet vind, in sy roeping tot die eer en verheerliking van God.

Hierdie beskouing sluit dus die opvatting uit dat die mens slaaf moet wees van Christus. Dit is en bly in die mens se roeping 'n voortdurende afstempeling van die mens se hart en hoof geprojekteer op sy hand: in sy beroepsarbeid en in sy vrye tyd.

Al meer sal die mens van die hede en die toekoms met vrye tyd te doen kry, omdat die magte van die ekonomie, tegniek en wetenskap en maatskaplike verhoudinge of tussenmenslike verhoudinge op die voorgrond tree; die mens se vrye tyd moet stukrag verleen aan sy roeping, en bowe-al moet dit die gesonde balans bewaar tussen die geestelike en die stoflike roeping van die mens. (Ons dink hier veral aan outomatisasie

en die gevolge daarvan.) In hierdie sosiale veranderingsproses sal maatskaplike werk steeds in toenemende mate op die voorgrond tree. In die koninkryk van God is daar 'n groot verskeidenheid van goeie geleenthede en kanse wat benut kan word tot die voordeel van die geestelike en sedelike welsyn van die mensdom en tot die eer van die Here. Hierin het die moderne jeug die gesonde leiding van hulle ouers broodnodig. Die ouers sal dan ook gewillig moet wees om volwasse-onderwys te wil ontvang, d.w.s. opvoeding en onderrig na skool, om tred te kan hou met die snel veranderende samelewing ook in ons land.

Die toenemende belangrikheid van vrye tyd in ons moderne gekompliseerde samelewing met al sy wel en wee, maak dit uiters noodsaaklik dat aan hierdie probleem vir veral die jeug in die algemeen en in die besonder vir die jeug van ons sonnige Suid-Afrika in toenemende mate ernstiger aandag geskenk sal moet word. In 'n eeu van die masjien en kernkrag, ekonomie, van tegniek en wetenskap mag ons as verantwoordelike opvoeders van die jeug nie die oë sluit vir hierdie belangrike ontwikkeling nie. Die jeug mag nie sonder meer aan sy lot oorgelaat word om die produk van sy sosiale milieu te word nie. Die ouers is geroepe om saam te doen, saam te arbeid, saam te speel en te geniet, saam belang te stel ens. Kortom, die hele menslike samelewing dra hierdie verantwoordelikheid in belang van die opgroeiende jeug - vir sy geestelike en sedelike welsyn omdat dit die volwassenes van die toekoms is. Die jeug van vandag met stewige sement in die fondament moet as die gevolg van 'n gesonde opvoeding bydra om die weg te baan vir die Geestelike wêreldheerskappy wat die Woord van God nastreef: wat die Skrif van almal eis en wat ons in die hart gevoel dat God dit van ons eis as die behoefte en die begeerte van ons hart.

Die tyd mag baie kort wees - daarom moet elkeen en almal hom en hulle besin op 'n Godgegewe taak en roeping.

In aansluiting by bogaande gee ons 'n tentatiewe leergang vir die Opvoedkundige Sosiologie.

3. 'n Tentatiewe leergang vir die Opvoedkundige Sosiologie by die opleiding van alle onderwysers.

Inleiding:

Ons wil nou 'n uiteensetting gee van 'n tentatiewe leergang vir die Opvoedkundige Sosiologie by die opleiding van onderwysers.

Ons bedien ons van die volgende aanhalings: „De opvoeder heeft te kennen de ziel van den mensch en de groeiwetten voor die ziel, die de (beschrijvende) kinderzielkunde hem leert; hij heeft ook de samenleving uit welke het kind komt, en tot welke hij't kind opvoedt te kennen; maar daarmee heeft hij ook al de hulp, die hij behoeft" ¹⁾.

Mannheim noem weer die volgende grondstellinge:

a) „that the control of modern society is impossible without intimately knowing how that society works,... c) that education has little meaning without constant reference to the society in which the educated will have to live, or in other words that especially the training of teachers remains incomplete without an adequate knowledge of sociology" ²⁾.

Die hooftrekke van 'n tentatiewe kursus in Opvoedkundige Sosiologie vir die opleiding van onderwysers, soos dit hieronder gegee word, is geneem uit die studie van dr. J.P. van der Walt ³⁾:

„A. 1) Die Opvoedkundige Sosiologie as struktuurwetenskap wat naas andere die hulpwetenskap is wat die empiriese gegewens

1) Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, Deel 1, p. 197-198.

2) Mannheim: Sociology and education, p. 4.

3) Van der Walt: Ongepubliseerde Proefskrif, pp. 594-596.

vir die Teoretiese Opvoedkunde lewer met:

- „a) die struktuuranalise van die huwelik, die huisgesin, die sigbare tydelike kerk as samelewingsvorm, die staat;
- „b) die spel en die spelgroep, met besondere verwysing na die vraagstuk van vryetydsbesteding;
- „c) die arbeid en die arbeidsgroep, met besondere verwysing na die bedryf (werkverband); die wese van die arbeid.

„2) In bg. verband in die sosiale orde die menslike samelewing as geheel:

„a. Universaliteit van die pedagogiese werksaamheid;

„b. universaliteit van die pedagogiese werksaamheid:

„(i) en roeping;

„(ii) en die sosiale prosesse van: samewerking, wisselwerking, kompetisie, konflik;

„(iii) en sosiale verandering; beheer;

„(iv) en die kultuurpatroon, kultuuroordrag;

„(v) en die menslike samelewingsvorme en kultuur.

„3) Sosiologiese struktuuranalise van die skool as samelewingsvorm in opvoedkundige-sosiologiese sin en betekenis:

„a. die wedersydse wisselwerkende beïnvloeding en vorming tussen die skool en die samelewing;

„b. die belangrikheid van die norme en feitlike gegewens vir die Teoretiese Opvoedkunde, en omgekeerd die positivering van die norme op die konkrete sosiale situasies.

„4) Vervlegting, integrasie, differensiasie en spesialisasie.

„5) Die mens, die samelewing en die kultuur as 'n onverbreeklike drie-eenheid in die Opvoedkundige Sosiologie.

Die vernaamste vrug van die Opvoedkundige Sosiologie is:

„6) Die Sosiale Studies: Analise en prinsipiële beskou-

ing t.o.v.:

- „a) Mens- en kindbeskouing,
- „b) doelstelling,
- „c) inhoud van die leerstof,
- „d) metode en tug,
- „e) organisasie en administrasie.

„B. 1) Die krisis in waardes.

„2) Die krisis in die menslike samelewing:

- „a) Historiese oorsig van die groot oorgange;
- „b) invloed op die opvoeding en onderwys;
- „c) individualisme - kollektivisme.

„3) (a) Die roeping en taak van die onderwyser in hierdie kultuurkrisis;

„(b) die plek, taak en bydrae van die jeug in die menslike samelewing;

„(c) die stad en platteland oor die algemeen en in die besonder in Suid-Afrika.

„4) Die faktor van gesag, die fundamentele by die opvoeding en onderwys".

4. Samevatting, en eie opvatting oor enkele grondstellinge i.v.m. die skool in sy wisselwerking met die samelewing en kultuur ¹⁾.

Die skool is nie die enigste samelewingsvorm wat 'n opvoedingsinstituut is nie, hoewel dit die enigste is wat deur die funksie van onderwys en opvoeding gekwalifiseer word. Elke samelewingsvorm voed op op sy eie wyse, sommige meer en sommige minder as die ander: elke samelewingsvorm het 'n

1) Vgl. Van der Walt: Ongepubliseerde Proefskrif.

pedagogiese aspek.

i) In die raam van die Teoretiese Opvoedkunde lewer die Opvoedkundige Sosiologie die feitlike gegewens van die ervaringswerklikheid omtrent die samelewing, die samelewingsvorme, die samelewingsverhoudinge, die handeling en die gebeurtenisse op opvoedkundige lewensterrein wat in ooreenstemming is met die prinsipia en norme van die Teoretiese Opvoedkunde.

ii) Dit gaan in hierdie verband om die geleidelike en gesonde opneem van die kind deur middel van kennis, vaardighede en kundighede, in die onverbreeklike drie-eenheid van mens, samelewing en kultuur; maar dan so dat die samelewing en die kultuur die produk is van die mens se skeppende en vormende vermoë.

iii) Hierdie doelstelling kan die beste bereik word deur die skool te beskou as 'n sekondêre samelewingsvorm, waarin die aard van die onderwys bepaal word deur die sin en betekenis van die analitiese en die estetiese interpretasie van die skoonheid van die geskapene, waarvoor die kind se oë geleidelik geopen moet word, sodat hy dit kan waardeer. Verder ook die inskerping en die aktivering daarvan vir 'n eie plek, die vormende en instandhoudende bydrae in die geskiedenis van hom in die Raadsplan: sy gebalanseerde persoonsroeping.

iv) Volgens my beskeie mening behoort ons historiese geworde Christelike en Nasionale lewens- en wêreldbeskouing die opvoeding in die algemeen en dus spesifiek ook die opleiding van alle onderwysers te deursuur.